# JEUGLES: Laat jou Liggie skyn - 3
# Hoe lyk my liggie ?

## 1. PRAISE EN WORSHIP

## 2. YSBREKER:

- 'n tafel vol voorwerpe (kruis, versie met belofte – Natasja, versie met "me and my house", kers sonder pit, kers met pit wat nie brand nie, kers wat brand, clown pruik en neus, drankbottels, Bybel, gebreekte spieël, dowwe vuil spieël, skoon helder spieël; vars blom, plastiek blom, dooie blom, sleutel(s), masker, suurstof masker

- gee vir elke kind 'n pen en papier, en laat hulle teken of verduidelik waarmee hulle hul lewens op die oomblik mee sal vergelyk (een of meer van die goed op die tafel)

- **Kategorieë:**
  1. Waar ek op hierdie oomblik in my lewe is
  2. Waar ek 'n tydjie terug was
  3. Waar ek hoop om binnekort te wees

- laat hulle ook skryf hoekom hulle so sê

## 3. PROCESS die ysbreker:

## 4. Inleiding:

Ons het verlede week gekyk na hoe jou lewe lyk as jy in die lig leef, en dit lyk as jy in die duisternis leef, daarna het julle 'n toneeltjie uitgewerk en opgevoer om te wys hoe sal jou lewe lyk as jy in die lig lewe. Jy het nou oor 3 weke inligting gekry wat ek hoop en glo, jou laat dink het. Vanaand se jeugsel gaan oor JOU gaan, waar is JY in JOU lewe op die oomblik. Nie jou maatjie langs jou nie, maar JY.

## 5. Posters van verlede week:

- deel vir elke kind 'n pen en 'n papier uit, asook 'n 'backing board'
- laat hulle bietjie wegskuif van hulle maatjies af, en probeer dat hulle nie nou met mekaar praat nie
- gee vir elke groep hulle poster van verlede week terug en laat hulle weer daarna kyk
- elke groeplid moet nou uit elke lys (eerlik – niemand gaan daarna kyk nie) neerskryf watter dele in die "Lig lewe" en watter dele uit die "donkerte/duisternis" lewe, hulle doen.

## 6. Jy kan nie God en die wêreld dien nie:

- jy sien, jy kan nie vir God en die wêreld leef nie, en dit klink nou baie makliker as wat dit is, want ALMAL van ons wat hier sit, doen partykeer die dinge van die duistenis, maar ons PROBEER om dit nie te doen nie, en net in die lig te lewe.
- maar dit sal jy NET kan doen, as jy 'n KEUSE vir God gemaak het. Jy kan nie met jou mond sê jy leef in die lig, maar dit wat jy DOEN, en AANHOU doen, is van die duisternis nie. Mense gaan jou later net nie meer glo nie, want jy sê een ding, maar jy DOEN totaal iets anders!!!

## 7. **Eksperiment**: Lig en water

Dis wat uiteindelik gebeur wanneer jy sê jy leef vir in die Lig, maar die manier hoe jy leef is meer soos die wêreld. Die wêreld laat later die liggie heeltemal doodgaan.

Jy kan nie 'n ligdraer wees as jy nie IN die lig lewe nie!!

## 8. **Hoe leef ek IN die lig**?

- Jy moet Jesus aanneem as jou persoonlik Verlosser en Saligmaker
- Wanneer jy DIT doen, dan belei jy jou sondes, en jy maak jou LOS daarvan
- Jy draai jou rug daarop
- Jy maak klaar daarmee
- En dan begin jy 'n nuwe pad saam met Jesus, 'n pad van lig en nie donkerte nie
- Die probleem is, dat baie mense vir Jesus aanneem as hulle Verlosser en Saligmaker, maar hulle verander nie, en wat hulle doen verander nie,
- Jy kan nie van die duisternis na die lig oorstap, maar jy leef nog in duisternis nie, dan beteken dit niks
- Dis om mooi skoon nuwe klere te kry, maar jy kies om nog in die vuil, stink, stukkende klere te loop terwyl daar nuwes, skones vir jou is.

## 9. **Belangrike vraag**:

- **Het jy al 'n liggie** – het jy al jou lewe vir Jesus gegee?

- **Het jy 'n liggie, maar hy brand nie meer nie, of hy het flou en dof geword** – jy het al jou lewe vir Jesus gegee, maar jy het afgedwaal, of jy het lou of koud geword, Jesus is nie meer alles in jou lewe nie?

- **Jy het 'n liggie en hy brand sterk en helder vir Jesus** – jy leef voluit vir Jesus

- Kom ek vra die vraag: skaam Jesus Hom vir die manier hoe JY leef?

- As jou antwoord JA is, het jy 'n bietjie dinkwerk vanaand!!!

## 10. **Hoe maak ek as ek by Jesus wil uitkom / my lewe vir Hom wil gee**?

- Ek moet belei dat ek 'n sondaar is, en ek belei my sondes voor God

  **1 Joh 1:8-9 – 83 vertaling** – "As ons beweer da tons nie sonde het nie, bedrieg ons onself, en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtighede"

- Ek moet vir Jesus sê dat ek my HELE lewe vir Hom gee, dat ek my rug gaan draai op die verlede en die ou lewe, en dat ek van vandag af, voluit vir Hom gaan lewe

  **Fil 3:13 – 83 vertaling** – "Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is, en strek my uit na wat voor is"

- Ek erken dat Jesus God se Seun is, en dat ek NET deur Jesus by God die Vader kan uitkom

**Joh 14:6 – 83 vertaling** – "Jesus het vir hom gesê: Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie"

- En dan gee Jesus so mooi belofte.

**Joh 8:12 – 83 vertaling** – "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duistenis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee"

## 11. Hoe laat ek my liggie aanhou brand as ek my lewe vir Jesus gegee het?

- breek met verkeerde vriende
- breek met die verkeerde goed wat jy gedoen het
- kry vir jou vriende wat ook hierdie pad stap
- stiltetyd: Bybel lees en bid
- Jeugsel
- Sondagskool
- Kerk
- Jeugsel by Otto
- Jy moet so veel as moontlik gevoed word met God se Woord – moenie wegbly van die plekke waar jy gevoed kan word nie, dit sal hou help om te groei en sterk te staan sodat jou liggie kan aanhou brand!!!

## 12. Afsluiting:

As jou liggie flou of dof geword het, of nie meer brand nie, of as jou liggie nie meer brand nie, of jy het nog nie 'n liggie nie, of jy wil jouself weer opnuut commit aan Jesus, kan julle na die tyd met ons kom praat. 'n Paar van ons gaan hier voor agterbly na die tyd. Kom kies vanaand die lig en nie die duisternis nie, maar wees bereid om dan te LEEF in die lig, en nie nogsteeds in die duisternis nie!!!